

**PINKSTER MAANDAG 14 MEI 2018**

**DIE AFGOD VAN VOORKOMS EN FIKSHEID**

**GEBED**

**Video Clip – I'm not Perfect**

**GESPREK MET ALDO VAN ZYL**

Aldo vertel my bietjie meer van jouself...

- Waar kom jy vandaan?
- Wat doen jy?
- Wat is jou passie in die lewe?

Ons praat vanaand met mekaar oor die Tema dat Voorkoms en Fiksheid vir jou 'n afgod kan wees/word?

Dink jy regtig voorkoms en fiksheid kan 'n afgod word? Daar staan tog in die Bybel dat ons liggame 'n Tempel van God is, so dit veronderstel seker dat ons na ons liggame moet kyk? Kan voorkoms en fiksheid vanuit hierdie perspektief dan 'n afgod in my lewe wees?

Aldo, ek kan onthou daar is altyd vir ons gesê, 'n Gesonde Liggaam huisves 'n gesonde Gees... Wat sou jy sê kom eerste?

Dink jy daar is iets mee verkeerd om 'n goeie voorkoms te hê en fiks te wees?

Aldo, wanneer moet ek die gevaartekens begin sien? Wanneer kan my voorkoms en fiksheid 'n afgod in my lewe raak?

Wat van om niks aan my voorkoms en fiksheid te doen nie? Behaag dit God om net te laat gaan en nie om te gee nie?

By voorkoms en fiksheid gaan dit nie net oor die oefen nie, maar ook wat by die mond ingaan of wat aan die liggaam toe gedien word. Daar kom mos 'n punt wanneer dit vir my begin voel, ek oefen, ek kyk na my dieet, maar ek sien nie resultate nie. Die spiere wil nie meer bou nie, en die vetjies wil nie meer verdwyn nie... Dan begin ek supliments gebruik. Is daar ook goed waarna ons moet kyk wat die gevaarligte kan laat flikker?

## SKRIFLESING

Eksodus 20:2-5;

Psalm 139

1 Korintiërs 6:19-20

Op 'n dag het die duiwel het 'n **wêreldwye vergadering** van bese magte bymekaar geroep.

Hy het vir hulle gesê:

“Ons slaag nie daarin om te verhinder dat Christene 'n intieme verhouding met hul Verlosser en met mekaar het nie.

Ons kry nie reg om hulle te keer om hul Bybels te lees en te bid nie.

Ons sukkel om hulle uit eredienste te hou.

As hierdie intieme liefdesverhoudings eers gevestig is, is ons krag oor hulle gebreek.

En toe kom hy met die volgende voorstel...

So kom ons laat hulle vir eers toe om Bybel te lees, te bid en erediens toe te gaan.

Ons kan hulle nie voorkeer nie.

Maar kom ons jaag hulle!

Kom ons skep vir hulle afgode... en kom ons steel hulle tyd.

Hoe meer tyd hulle aan hulle afgode afstaan, hoe minder tyd het hulle om aan hulle verhoudings te bou,

hulle verhouding met Jesus,

maar ook hulle verhoudings met mekaar nie.

Dit is wat julle moet doen, gebruik hierdie afgode om hulle aandag af te trek sodat hulle nie kans het om 'n intieme verhouding met Jesus te bou deur gereeld met Hom tyd deur te bring nie.”

“Hoe moet ons dit doen?” skreeu die bose magte

“Hou hulle besig met hierdie afgode, met hierdie “belangrike”,  
maar nie-noodsaaklike dinge.

Gebruik alles moontlikheid om hulle mee besig te hou.

Maak hulle programme oorvol en laat hulle dink dit is reg so.

Sorg dat hulle afgod werk soveel as moontlik tyd en energie van hulle vat.

Laat hulle dink dat hulle onmisbaar is, die afgod van self.

Laat hulle glo dat ‘n hele klomp aardse goed noodsaaklike goed is, materiële afgod.

Dan sal hulle baie geld spandeer en altyd meer wil hê.

Hulle sal moet geld leen, Mammon.

Dit sal maak dat pa’s en ma’s nog langer ure moet werk om hierdie leefstyl te kan bekostig, afgod van besit.

Hou hulle te besig om tyd met hulle kinders deur te bring.

Soos hulle families uitmekaar val, sal hulle huise nie meer veilige hawens wees  
weg van die druk van die werk nie.

Bombardeer hul verstand sodat hulle dit onmoontlik vind om stil te word.

Sorg dat daar altyd geraas is om hulle.

Sorg dat die afgode van tegnologie en media,

radio, selfoon en rekenaar altyd aan is waar hulle ookal gaan.

Sorg dat daar altyd en oral leesstof soos tydskrifte en koerante rondom hulle is sodat  
dit hulle verstand 24 uur van ‘n dag besig hou.

Moenie hulle rus gee nie.

Maak hulle posbusse, ook op die rekenaar, vol pos en gemorspos en advertensies  
van die volgende ding wat hulle moet hê.

Hou egpare te moeg om met mekaar te praat en vir mekaar lief te wees.

Dan sal hulle op ander plekke aandag soek en families binnekort uitmekaar begin  
val.

Maak selfs hulle tye van ontspanning oorvol sodat hulle moeg van naweke en  
vakansies terugkom.

Oortuig hulle dat hulle op al die plekke moet kom waar die bure al was.

Oortuig hulle dat hulle aan al die sport aktiwiteite moet deelneem, waaraan  
hulle vriende deelneem

Oortuig hulle dat hulle beter as hulle vriende moet presteer, sodat hulle nog  
meer oefen en minder tyd het om saam met familie en vriende te spandeer.

Maak hulle te besig om God se grootheid in die natuur te sien.  
Maak nie saak hoe nie, hou hulle besig, besig, besig!!  
Binnekort sal hulle op hulle eie krag begin staatmaak.

Hulle sal hul gesondheid en families verwaarloos.  
Hulle sal nie meer tyd saam met Jesus deurbring nie.  
Daarna is verval maklik.  
Hulle fokus sal na hulle afgode verskuif  
Dit sal werk.”

**Hoe suksesvol is die duiwel met sy plan** om jou fokus weg van God, na afgode in jou lewe te verskuif?

Hoe suksesvol is die duiwel met sy plan in julle familie?

Hoe suksesvol is die duiwel met sy plan in jou kinders/klein kinders se lewe/in julle vriende kring, om julle fokus na die afgod van voorkoms en fiksheid te verskuif?

Ek moet sê, aanvanklik was dit vir my 'n vreemde gedagte toe ek, Jan en Francois bymekaar gekom het en hulle sit hierdie onderwerp op die tafel.

Om te dink ons moet in **2018 oor afgode Pinkster** hou.

Tot ek meer daarvoor begin lees het en begin ontdek 'n afgod is nie noodwendig die goue beeld waarvoor jy elke keer buig as jy daar verby kom nie.

Dit is dit ook, maar dit is mos nou doodeenvoudig te voor die hand liggend.

Want ons wat hier bymekaar is en uit goeie gemiddelde Afrikaner-huise kom, loop tog geen gevaar om deur so 'n eenvoudige truuk van die Satan vasgevang te raak nie.

Ek het ook so gedink, tot ek begin beseef het, maar hierdie strategiese plan van die duiwel werk en hy kry dit ook reg in my eie lewe.

Net nou die dag toe ek van my fiets afklim en ek stop my horlosie skrik ek...

Ek skrik toe ek sien hoeveel ure ek van 01/01/2016 op my fiets spandeer het.

As ek soveel tyd op my fiets spandeer... (Vroeg op staan die oggende as dit nog donker is)

**hoeveel tyd** het ek in dieselfde tyd saam met God spandeer...

Maar nie net saam met God nie...

hoeveel tyd spandeer ek saam met my gesin... familie... vriende...  
gemeenskap van gelowiges?

**'n Afgod**, vriende is nie noodwendig die koper beeldjie op die tafeltjie wat jy in Bankok gekoop het nie.

Dis ook nie noodwendig die houtmasker wat van Zimbabwe af kom nie.

En nee, dit is ook nie noodwendig daardie blink 4x4 in die garage wat jou man nie wil hê jy moet bestuur nie net omdat hy bang is jy krap die ding nie.

'n Afgod is ook nie noodwendig jou ou spaargeldjies wat daar by Gapsa lê en minder word nie.

Dis is ook nie noodwendig daardie nice fiets... of liggaam wat jy begeer nie...

Dit kan al die dinge wees, wat ons genoem het maar dit is nie noodwendig dit nie.

Dit wat aanleiding gee tot die afgod van Voorkoms en fiksheid, is veel meer gevaarlik as al daardie dinge...,

Want dit wil vir my lyk of hierdie afgod nie 'n fisiese ding is nie.

Dit is nie iets wat jy kan vat en voel en in jou sak steek nie.

**Hierdie afgod is 'n gesindheid wat in jou hart posgevat het.**

Dit vind diep in jou gees plaas waar net jy en jou gedagtes alleen met mekaar is, en niemand dit kan sien nie.

Baie keer is die oorsaak daarvan iets diepers...

wat ek en jy baie keer nie wil face nie...

'n Afgod wat jou so skelm intrek dat jy nie eers beseft dat jy 'n afgod aan jou boesem koester nie.

En om die rede waarsku Jesus ons in Matteus 6:21 dat die dinge waarmee ons ons besig hou (ons skate), is 'n aanduiding wat vir ons in die lewe belangrik is.

Jou en my lewe wys waar ons vir ons 'n rekening oopgemaak het...

**“Waar jou skat is... daar sal jou hart ook wees.”**

Want sien die afgod van voorkoms en fiksheid het die vermoë om jou liefde, toewyding, tyd en aandag wat jy slegs aan God verskuldig is, van Hom af steel.

Om te gaan oefen... raak vir jou belangriker as om tyd saam met God te spandeer.

Om te gaan oefen... raak vir jou belangriker as om tyd saam met jou gesin, familie en vriende te spandeer.

Om te gaan oefen en te werk aan jou fiksheid en voorkoms raak eintlik alles oorheersend in jou lewe.

Jou voorkoms kan vir jou so belangrik raak dat alles later om **ME, MYSELF AND I** in jou lewe gaan...

Die eie ek.... word belangriker as God!

Dis later al waarom jy wil/kan praat...

- Ek het soveel kg verloor...
- Ek is nou besig met hierdie dieet...
- Nee, ek kan ongelukkig nie stysel eet nie, want ek is besig met banting...
- Ooo volgende naweek sal ons nie kan kuier nie, want ons ry moes nou weer in die 100 Miler/DBX... of watter races is daar nou weer alles...
- Nee, jong koffie drink is uit... ek is ongelukkig daardie tyd in die Gym...

Ek wil weer sê, daar is niks mee verkeer om goed te lyk en fiks te wees nie, maar om te oefen, te Gym en aan jou voorkoms te werk, net om die gevoel van tevredenheid wat jy mag beleef te kry, kan tot so 'n vlak groei in jou lewe dat dit 'n struikelblok raak vir jou verhouding met God en met mense om jou.

Want dit raak dan jou middel om dit wat ek en jy nie wil face nie weg te werk...

Dit raak ons middel om te cope...

terwyl God eintlik ons toevlug punt wil wees...

Die oomblik wanneer fiksheid en voorkoms jou lewe begin beheer...

die oomblik wanneer dit jou begin pla dat jy nie meer genoeg komplimente kry oor hoe jy lyk nie... moet jy weet... voorkoms het jou afgod begin word...

Kom ons vra 'n paar lastige vrae;

Is jy soms geïrriteerd, ontevrede en onvergenoegd as jy nie genoeg tyd kry om te oefen nie?

Is jy soms geïrriteerd, ontevrede en onvergenoegd omdat daar nie iemand is wat jou liefhet en jou komplimenteer oor hoe jy lyk nie?

Dit irriteer jou as mense jou nie waardeer vir wie jy is en hoeveel waarde jy tot hulle lewe of 'n situasie kan toevoeg nie?

Jou positiewe antwoord op enige van hierdie vrae mag daarop dui dat fiksheid en voorkoms 'n afgod in jou lewe kan word of dalk alreeds jou lewe beheer.

Iets wat in jou en my lewe vir ons 'n afgod word sit gewoonlik 'n stryd aan die gang in jou gees.

Veroorsaak konflik tussen 'n objek,

'n gewoonte, 'n saak, persoon of lojaliteit en die heerskappy van God in jou lewe.

- Hoe jy lyk...
  - Hoeveel tyd oefening opneem...
    - Raak vir jou belangriker as God!!!

Mag ek jou herinner aan dit wat ons in Eksodus 20 gelees het...

God is 'n jaloerse God en Hy eis inverteerde trou aan Hom...

**Jy mag naas my geen ander gode hê nie...**

God verdra nie dat ek en jy in ander gode glo of iets anders in my lewe belangriker as Hy word nie.

En daarom het ons nodig om dit vanaand ook te hoor dat dit in die meeste gevalle die afgode van jou en my lewe is wat verantwoordelik is vir konflik in ons lewe.

Die afgode in jou en my lewe bring jou in konflik met jou eie gewete.

Dis gewoonlik die afgode in jou lewe wat jou in konflik bring met God en sy wil.

- jy lees in die Bybel niks moet vir jou belangriker as God wees nie..., maar jy sê vir jouself;

"die Bybel is ook soms so dwars, so moeilik om te gehoorsaam".

En daarom gaan jy maar voort om jou voorkoms en drang na fiksheid te voet...

En sonder dat ek en jy dit agter kom raak voorkoms en fiksheid afgode in ons lewe, want dit begin 'n belangriker plek in jou lewe inneem as jou verhouding met God en die mense wat God om jou geplaas het.

Martin Luther, en van ons kerkvaders het ook oor afgodery nagedink.

Hy sê 'n **afgod is daardie ding wat jou tevredenheid bring.**

As jou absolute tevredenheid en genoegdoening in enigiets anders lê as in jou verhouding met God, het jy met 'n afgod te doen.

God verlang na die toewyding van ons harte.

Hy wil hê dat ons al ons liefde en al ons toewyding en al ons verheerliking net aan Hom moet gee.

En om die rede wil hy hê dat ons ons moet wegdraai van alles wat buite God bestaan en ons bewustelik aan Hom moet wy omdat Hy die enigste bron is van wat goed en reg en volmaak is.

Liewe jongmens... vriende...

Ek en jy word ons eie afgod as ons ons eie genot en gemak en geluk in die plek van God se wil inskuif in jou lewe.

Jy eien jouself 'n klomp dinge toe.

Jy se jy is geregtig daarop.

EN as iemand nie inpas by wat jy jouself toe eien nie, sal dit jou ernstig grief,  
dit sal jou selfs so ver bring om God se wil te verbreek.

Die afgod van jou hart is daardie ding waarop jy meer vertrou plaas as op die versorgende mag en krag van God.

As iemand vir jou sou vra om van daardie kruk van jou ontslae te raak en geheel en al op God te vertrou, sal jy dink die ou is van sy sinne beroof, jy sal dit baie moeilik regkry.

Want die wêreld waarin ons leef is die hele tyd besig om vir ons te verlei en te sê...  
It's all about you...., die oer Sonde waarvoor Adam en Eva ook geval het...

### **Ek en jy wil eintlik god wees... en om my eie god te wees moet ek goed voel oor myself!**

Daarom

"Koop hierdie produk... en binne 3-4 weke lyk jy soos 'n model.

Belê in daardie fiets, verloor nog net 5 kg of kry jou six pack nog mooier, dan sal die girls jou raaksien. Dra nog 'n korter rokkie of nou passende topie en kyk hoe die ouens oor hulle voete val agter jou aan...

Weet jy wat die moeilikste is van al hierdie aanbiedinge?

Elkeen van die aanbiedinge vind aanklank by 'n behoefte wat alreeds deel van jou lewe is.

Iets binne jou wil dit graag he.

Jy wil geliefd wees,

Jy wil onaantasbaar wees, Jy wil nie kwesbaar wees nie, Jy wil spesiaal voel.

Mense moet notisie neem van jou...

Ons wil ...

En daarom is dit so moeilik om die versoekings van afgodery te weerstaan.

### **Afgodsdienis vervul 'n innerlike behoefte by ons, wat smeek om vervul te word.**

En daarom wil ek eintlik vanaand soos 'n Dawid na God toe kom en sê:



“Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!”

Want sien liewe jongmens, vriende wanneer God na jou kyk... glimlag Hy eintlik...  
Want al doen ons al hierdie goed, kyk Hy na ons in liefde en genade

Hy hou van jou net soos jy is, want dis Hy wat jou gevorm het.

Dis Hy wat jou in die baarmoeder aanmekaar geweef het.

En dis Hy wat jou van alle kante omsluit...

Hy ken jou beter, as wat jy jousef ken... en in sy oë is jy eintlik perfek...

Want jy is die bewyse van God se vakmanskap.

Jy is die bewyse van God se skepping.

Hy het jou perfek geskep.

Jy is nie 'n fout nie.

God het besluit die wêreld gaan armer wees sonder jou,

daarom het Hy jou gemaak! Jy is 'n “miracle”!

Luister hoe mooi vertaal die NIV Psalm 139:14:

“I praise you, for I am fearfully and wonderfully made. Wonderful are your works...”

“Fearfully and wonderfully made - WOW!”

Al wat God vra: **wees net jousef! Wees net dit wat ek jou gemaak het om te wees.**

Moenie iets of iemand anders wil wees nie...

Daar is niemand soos jy nie – God is mal oor jou – Hy het jou gemaak!

Ek en jy moet leer om vanuit “looking glass” beginsel te leef (Sosiologie)

– jy word wat die belangrikste persoon in jou lewe van jou dink.

Die belangrikste persoon in jou en my lewe behoort God te wees!

Wat sou gebeur as jy in die spieël sou kyk en sien wat God sien?

Ons moet onself toelaat om die unieke individue te word wat God bedoel het ons moet wees.

As ek en jy so leef, sal jou en my lewe een groot geskenk vir God en die wêreld wees!

### **1 Korintiërs 6:19-20**

Wees bereid om jou lewe voor die Here oop te stel.

Ondersoek jouself, luister na die Here se stem en bely jou lojaliteit aan die afgod van voorkoms en fiksheid voor die Here.

Ek moes dit die afgelope tyd doen...

- Want ek en my fiets het 'n closer verhouding begin ontwikkel as my verhouding met God...
- Ek het elke keer as ek kan op die skaal geklim... sleg gevoel as ek 'n gram of wat optel... en dit het gemaak dat ek net nog harder wou oefen...

want dit het vir my al belangriker en belangriker begin word... want dit het my coping meganisme begin word...

Terwyl Dawid se neem jou toevlug na God!!! Here ondersoek my... deurgrond my hart... sien my onrus raak...

Draai terug na God...

Vra die Here om hierdie gevestigde patrone in jou lewe te verander.

Draai terug na God met elke enkele aspek van jou lewe.

En dien hom nie vir wat Hy vir jou kan doen nie,

maar vir wie en wat Hy is.

Hy is die enigste ware God en HY eis jou en my onverdeelde trou...

Sodat ons Hom ook deur ons voorkoms en fiksheid kan verheerlik!!!

AMEN!!!

**VIDEO CLIP – Hier is ek**

**GEBED**

**SLOTLED**